

# GODSDIENS, EVANGELIE EN RELIGIE IN DIE POËSIE MET BESONDERE VERWYSING NA GEDIGTE VAN IDA GERHARDT

J. van der Elst  
Departement Afrikaans-Nederlands  
PU vir CHO  
POTCHEFSTROOM

## Abstract

*It is characteristic of this famous poetess that she abhors evangelical poetry. She considers this kind of poetry often to be of poor quality, especially in the light of its explicit purpose to evangelize and convert readers to Christianity. It could be argued that the Dutch poetess Nel Benschop, of whom tens of thousands volumes of poetry are sold, writes such poetry.*

*Despite her abhorrence of evangelical poetry, Gerhardt cannot summarily be regarded as an atheist artist. On the contrary, she may even be called a Christian poetess, but not in the dogmatic sense of the word. The impact of her work transcends the boundaries of Christianity.*

*She often uses Christianity as a frame of reference along with Greek and Latin Classical references to give her poetry universality.*

*To illustrate this I would like to compare her Easter poem ("Pasen") with some Easter poems of minor poets like Nel Benschop and J.L. de Villiers. An analysis of the Easter poems shows that Gerhardt's Easter poem obviously has a Christian framework but its implications are far wider.*

## 1. INLEIDING

Ida Gerhardt (geb. 1905), 'n leerling van J.H. Leopold en 'n Klassikus soos hy, het in 1940 gedeputeer met 'n bundel poësie, getitel *Kosmos*. 'n Verskeidenheid literêre prysse, onder ander die belangrike P.C. Hooft-prys, is later aan haar toegeken. Onlangs het 'n derde uitgawe van haar versamelde gedigte (1988) by Athenaeum Polak en Van Gennep (890 pp.) in Amsterdam verskyn. Haar jongste bundel *De adelaarsvarens* het verlede jaar (1989) die lig gesien.

## 2. RELIGIE, GODSDIENS EN EVANGELIE

Die opvallendste van haar poësie is seker die hantering van die religieuse en inbegrepe daarby die godsdiestige, die evangeliese en selfs Protestantse ingesteldheid. Gerhardt

waarsku teen 'n oorvereenvoudigde siening van die religieuse stof in haar poësie: "Ze willen me wel eens rangschikken onder de Protestantse dichters: dat maakt me razend." (Gerhardt, 1980:30.) Sy bedoel waarskynlik daarvan dat sy wel Skrifgewens gebruik, maar dat dié gegevens nie noodwendig met 'n evangeliese oogmerk gehanteer word nie. Dit is die bedoeling om aan te ton dat Gerhardt se poësie veel verder reik as die godsdienstige of evangeliserende, maar laasgenoemde nie noodwendig uitsluit nie.

'n Onderskeiding met betrekking tot die begrippe *godsdiestig/evangeliserend* en *religieus* is vooraf noodsaklik. Die term *godsdiestig* word hier gebruik in die betekenis van godvrugtig, gedienstig aan God of vroom. *Evangeliserend* word vir die doel van hierdie artikel beskou as 'n sinoniem vir godsdienstig met die verskil dat *evangeliserend* in aanvulling tot *godsdiestig* iets doelmatigs bevat: met die doel om te bekeer. Evangelie het te make met die bewuste verspreiding van die boodskap van verlossing deur die kruisdood van Jesus Christus. Wanneer 'n gedig bloot die verspreiding van die Evangelie ten doel het, kan dit vervlak tot 'n stukkie Christelike lektuur.

*Religie* is 'n omvatterter term en sluit eintlik die godsdienstige en evangeliserende in. Dit hou verband met die feit dat elke mens 'n religieuse wese is in die sin dat hy glo aan 'n ander werklikheid, nie noodwendig 'n transendentale werklikheid nie, maar in 'n werklikheid wat meestal beter en idealer is as sy eie. A. Roland Holst se simbolistiese poësie vertoon 'n religieuse betrokkenheid op so 'n ander wêreld, 'n elisium los van ruimte en tyd. Dit is 'n elisium wat ooreenkoms mag vertoon met die Christendom en die Evangelie, maar hoegenaamd nie Christelik/godsdiestig of evangeliserend is nie. Religieusiteit het oor die algemeen te doen met die mens se inherente neiging om vir homself "iets" of 'n ideaal te skep wat vir hom heilig en onaantastbaar is. Waar die Christelik-godsdiestige kunstenaar Goddelik of Bybels geïnspireer is en wil getuig van 'n Absolute Waarheid, het religie te doen met, soos in Holst se geval, self geprojekteerde wêrelde anderkant die aardse bedeling van ruimte en tyd.

### 3. PAASGEDIGTE

Of dit ook al *religie*, *godsdiens* of *evangelie* genoem word, al drie hierdie begrippe is en was deur die eeuue belangrike dryfkragte vir die poësie. Die manifestasie en aksentuering van die begrippe en die betekenis daarvan vir die teksproduksie word agtereenvolgens in enkele gedigte met 'n ooreenkomstige tema, veral dié van die opstanding (Paasgedigte) bespreek.

### 3.1 Nel Benschop

'n Goeie voorbeeld van godsdienstige/evangeliserende lektuur is die Paasgedig van Nel Benschop "Een open hand uit de hemel" uit die bundel *Een open hand naar de hemel* van 1976 (5).

Een stille wonderlijke morgen:  
wachters, die waken bij 't gesloten graf  
waar Christus' moede lichaam werd geborgen;  
ze wachten, half in slaap, de morgen af.  
Dan, plotseling, begint de grond te heven,  
een bliksemflits schiet door de donk're lucht;  
de dood wordt overwonnen door het Leven,  
de wachters staan verbijsterd op de vlocht.  
Geen oog ziet Christus uit het rotsgraf komen,  
geen oor heeft 't rollen van de steen gehoord,  
geen hart heeft van dit wonder durven dromen,  
Gods samenzijn met hem wordt niet gestoord.

En Petrus ziet de opgerolde doeken,  
Johannes staat er stil aanbiddend bij.  
Dan, als de Heer Zijn jong'ren gaat bezoeken  
vertoont Hij hun Zijn handen en Zijn zij.

En elke keer als wij zijn dood gedenken  
en drinken van de wijn en eten 't brood,  
mogen wij aan die stille morgen denken  
toen Christus is verrezen uit de dood.  
Vol van erbarmen tot ons neergebogen  
neemt Hij de last van onze zonden af.  
En in Zijn licht zie ik met nieuwe ogen  
een open hand, een open hart, een open graf ...

Miskien is die beperkende van die gedig die feit dat die leser byna geen moontlikheid het om te kies nie. Met hierdie soort gedig, aldus Van der Ent (1982:43) staan die lezers voor 'n gedwonge keuse: "... kan ik dit meevoelen en nazeggen of niet?" Hy gaan voort: "... de godsdienstige gevoelens zijn te specifiek. Wanneer het gedicht geen ruimte laat voor de ervaring van de lezer, wanneer deze verplicht is precies na te voelen wat daar geschreven is, verzet hij zich snel tegen deze poëzie. Lezers kunnen zich niet herkennen, of een beetje, of niet helemaal."

Hierdie soort gedig is literêr gesien onverteerbaar: die verrassingselement ontbreek in hierdie ontboesemings in rymende versreels. Dit is eintlik 'n parafrase van die heilsgebeure van die opstanding met 'n uiteindelike verwysing na die deelname aan die Nagmaal. Die gedig antwoord slegs en stel nie vrae nie. Dit sluit aan by die hierbo vermelde dilemma van die godsdienstige en evangeliserende liriek. Hiermee word nie

beweer dat Nel Benschop self pretensies met haar werk gehad het nie. Sy het haar gedigte as "meditaties op rijm" bestempel. Die boodskap van haar gewildheid, want daar is tientalle duisende van haar bundels verkoop, is dat daar 'n behoefte by gelowiges aan dié soort poësie of lektuur bestaan.

### 3.2 I.L. de Villiers

"n Gebed vir Paasmôre" (1974:21) van I.L. de Villiers het 'n ooreenkomsstige tema maar daar is aspekte wat in die gedig se guns tel - De Villiers se gedig reik verder uit as Benschop se gedig.

#### GEBED VIR PAASMÔRE

Verrese Heiland  
Die kerkklokke lui vanoggend anders.  
Hulle is Paasklokke.  
Hulle lui oor die vallei.  
Hulle lui oor die stad.  
Hulle lui oor die wêreld.  
Die Here het opgestaan!  
Ja, Hy het waarlik opgestaan!

Saam met Christene oor die wêreld, al u kinders,  
wil ek aanbid, Oorwinnaar!  
Saam met die klokke wil ek juig  
oor die wonder van 'n graf in 'n tuin  
wat opgegaan het om nooit weer toe te gaan nie.

Daar's 'n pad getrap deur die dal van die dood  
U het dit uitgetrap.  
U het bloedspore getrap.  
Die pad gaan deur die dood  
na die ewige lewe.  
Ek gaan dié pad volg as U my roep.

Ek het saam met U opgestaan, Here Jesus.  
Hierbinne in my hart is dit al anders.  
Ek was met U in aanraking.  
U het my aangeraak  
Ek sal nooit sterf nie.

Want U leef!  
U leef!  
Ek juig oor U, Here Jesus.  
Ek juig saam met die Paasklokke.  
Ek juig in hierdie more,  
oor 'n nuwe môre  
wanneer die klokke nie sal ophou nie,  
wat sal môre bly  
en nooit aand sal word nie.  
Amen.

### 3.3 Vergelykend

In vergelyking met Benschop se gedig tel die volgende inhoudelik en versteignies gesien, in die guns van De Villiers se gedig:

1. Die gedig as gebed het 'n dramatiese inslag - dit gaan hier om 'n dialoog met God. Die vrye versvorm ondersteun die gesprek-aspek van die gedig.
2. Daar is verder 'n tydvariasie van die *toe* van Pase na die *nou* van die digter. Die *ek* van die gedig hoor dat die geluid van Paasklokke *vandag* anders lui. Daar is ook 'n verwysing na die toekoms: "hierdie môre" bring die "nuwe môre".
3. Dit gaan vervolgens om 'n belydende *ek* teenoor 'n ietwat meer afstandelike kollektiewe *wij* van Nel Benschop se gedig.

Hoewel die objektivering in De Villiers se gedig groter is, is die verengende regstreekse herkenning van die godsdienstige en die evangeliserende tog aanwesig. Die leser en belewer van die gedig kan nie in gesprek met die gedig tree nie.

Dit is uiteindelik die soort poësie wat nog te veel bevestig. **Goeie poësie moet inspireer, stimuleer, losmaak en oopmaak, en dalk eerder vrae stel as vrae beantwoord en sodoende 'n netwerk van uitkringende interrelasies word.**

### 4. IDA GERHARDT

Die gedig van Ida Gerhardt "Pasen" (1988:535); dus 'n gedig met dieselfde tema as die twee ander, is miskien so 'n soort gedig.

#### PASEN

1. Een diep verdriet dat ons is aangedaan
2. kan soms, na bittere tranen, onverwacht
3. gelenigd zijn. Ik kwam langs Zalk gegaan,
4. op Paasmorgen, z  r vroeg nog op den dag
5. Waar onderdijks een stukje moestuin lag
6. met boerse rijtjes primulas verfraaid,
7. zag ik, zondags getooid, een kindje staan.
8. Het wees en wees en keek mij stralend aan.
9. De maartse regen had het 's nachts gedaan;
10. daar stond zijn doopnaam, in sterkers gezaaid.

Wat opvallend is, is die feit dat Christelik-godsdienstige elemente wel aanwesig is: daar is 'n verwysing na Kersfees, Pase en ook na die doop, maar die gedig verwys verder as die *bloot* godsdienstige en vertoon daardeur 'n interessante kompleksiteit. Die universeel menslike van verdriet wat diep sny, word opgehef deur 'n ervaring vroeg in die oggend - 'n soort dagbreekmotief (?) - in die pastorale omgewing van Zalk, 'n landelike plekki.

En in die omgewing kom iets magies en iets religieus na vore - 'n kind met 'n stralende gesigsuitdrukking wat wys op die oerkragte van bevrugting en ontkieming: die sterkers wat sy naam uitspel (r. 10), waarskynlik gesaai deur 'n ouer wat die verrassing van en die verwondering oor die natuurgebeure aan die kind wou ontlok. Sterkers, ook genoem 'n *sterrekers* (Nederlands) of 'n *tuinkers* (Afrikaans), is 'n soort kruieagtige gewas wat dwarsdeur die jaar gesaai kan word. Afgesien daarvan dat dit as 'n toevoeging tot slaaise gebruik kan word, het dit ook 'n helende krag en hou dit slange weg. De Vries (1974:117) vermeld dat die gewas simbool kan wees vir stabiliteit en krag. Miskien sou 'n mens nog veel verder kon gaan met die sterkerssimboliek - die verband met sterre is naamlik nie uitgesluit nie. En dit open weer 'n assosiasie met uitspansel, hemel, aarde, lig, ewigheid en herryisenis (die sterkers is gesaai en het ontkiem). Verweef in die gedig is daar die roeringe van die groot Christelike heilsgebeurtenisse van die opstanding en die doop.

Een van Gerhardt se boeiendste Paasgedigte is "De afdaling (1988:593) uit die bundel *Het Sterreschip*. Die gedig bevat by implikasie die v  le register van die Christelike heilsgebeurtenisse: die kruisiging, die neerdaling na die hel (graf), die opstanding en die visioen van 'n hemelse uiteinde, alles anachronisties geplaas in 'n eg Hollandse landskap.

#### DE AFDALING

1. **Op de Elisabeth van Maasbracht**
2. **heb ik gevaren, drie nachten en drie dagen;**
3. **trappen van water daalden wij af.**
4. **Vierentig meter gaat het omlaag**
5. **vanaf Maastricht tot Grave.**
  
6. **Met de Elisabeth van Maasbracht.**
7. **Sterk is het ancestrale, het water:**
8. **trappen van water dalen er af**
9. **tot in de dood en zijn krochten omlaag,**
10. **'s nachts, als de dromen ontwaken.**
  
11. **Op de Elisabeth van Maasbracht -**
12. **schaduwen, raadselen, wolkengevaarten;**
13. **trappen van raadselen daalde ik af;**
14. **zeventig jaren hen ik gesmaad**
15. **door wie één naam met mij dragen.**
  
16. **Met de Elisabeth van Maasbracht**
17. **rijzend en dalend nog laat in de sluizen**
18. **- trappen van water daalde zij af -**
19. **meerden wij. Het was stil op de kade,**
20. **wi was om de lantarens de mist.**
  
21. **'Als alle tranen zijn afgewist'**
22. **staat er in de Openbaring.**

Die realistiese situasie van die gedig is die volgende: dit gaan om 'n binneskip of 'n aak met die naam Elisabeth van Maasbracht wat met behulp van 'n aantal sluise / die trappe van water (r. 3) afwaarts beweeg van Maastricht tot Grave - dit is 'n val van 40 meter - so vermeld die gedig: (r. 4)

Die titel van die gedig het sekere implikasies. Dit bevat 'n referensie na die hellevaart van Christus wat met verdere gegewens uitgebrei is. Die *drie* dae en *drie* nagte (r. 2) verskaf die *assosiasie* met die *opstandingsverhaal* - neem daarby nog die naam van die plekkie *Grave* (r. 5) as 'n moontlike verwysing na *graf*, dan is die *opstandingsgegewe* volledig.

Die tog oor die *water* - die beeld van water as oerkrag figureer sterk in haar *poësie* - word 'n vergeestelike tog. Die eerste strofe bevat nog iets van die realiteit: die tweede strofe beeld iets uit van die nag, die dood, die kragte en die drome - iets van 'n beangstiging. Van der Zeijde (1985:260) noem dit 'n *verontrustende* wêreld; 'n nagwêreld - waar die duister magte oorheersend en bedreigend is. Daar is verskeie assosiasies met die hel: "krochten" (r. 9) is in dié verband so 'n tiperende woord. Van Dale (1970:1042) verklaar dié woord as 'n verborge onderaardse ruimte, dikwels 'n

skuilplek vir wesens wat sku is vir die lig, "ook in toepassing op die hel".

Die derde strofe met sy verwysings na "schaduwen, raadselen, wolkengevaarten" (r. 12) bevat 'n verdere individualisering: Die trappe van water is nou trappe van *raaisels* - waarlangs die ek nog moet beweeg - met daarby 'n verwysing, 'n outobiografiese verwysing, na persoonlike leed deur ander aangedoen: eie familie, mense wat die selfde *van* as sy het, kwaadwillige mense in die algemeen! Die gedig steek egter nie in die persoonlike individualistiese vas nie - van die individuele word na die universele van hoop en verlossing beweeg. Die slot bevat iets van 'n vredebeeld - die *stilte* - witheid van die *mis* wat sigbaar is om die lig van die lanterns (r. 20).

Aan die einde is daar 'n Bybelse trooswoord, by implikasie die belofte van die vrederyk van Openbaring 21:4:

Hy sal al die tranе van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dingе van vroer het verbygegaan.

Met die bespreking van die vier Paasgedigte het dit duidelik geword dat Gerhardt in teëstellings tot Benschop en De Villiers met die digterlike belewing van die Paasgebeure vir haar lesers veel verder beweeg het as bloot 'n Skriftuurlik of parafraserende weergawe van die opstandingsverhaal.

Benschop en De Villiers se weergawe, hoewel laasgenoemde in mindere mate, is te eksplisiet Christelik en oorredend evangeliserend. Juis teen dié soort eksplisiële poësie het Gerhardt ernstige besware. Van der Zeijde (1985:259) stel dit so: "Van hieruit is het ook begrijpelijk dát, en waarom, Ida nooit heeft gehouden van de zogenoemde 'christelijke poëzie'. Allereerst, omdat die christelijke poëzie bijna altijd zeer zwakke poëzie is: niet zelden een enkele vondst en de rest is erbij geslept. Maar het is misschien vooral het expliciet karakter waaraan zij zich stoot: te expliciet en juist daardoor inadaequaat."

Ida Gerhardt gebruik, soos hierbo geblyk het, die Christelike as verwysingsraamwerk, maar nie alleen dit nie. Sy betrek, daarmee saam ook die Grieks-Klassieke verwysingswêreld in haar digwerk. Dikwels bereik sy ook via die Oudheid 'n religieuse wenk van "gene zijde".

Dit hang ook alles saam met haar religieuse aanvaarding van die oerkragte van die poësie. In haar poëтика kom altyd weer die gedagte na vore dat die vers 'n soort bomenslike krag het en met haar doen wat hy wil. Sy bestempel haarself soms as instrument.

In die gedig "Dichterspreuken II" (1988:591) het sy dit oor die "onthechting des harten" van die digterskap - iets wat 'n mens herinner aan "De pen op papier" van Nijhoff.

Hierdie "onthechting" kan kortlik toegelig word met die gedig "Voltooiing" (1988:528) waar huis iets gesê word van die oerkragte van die oëtiese bedryf:

#### VOLTOOIING

Diep in de kern van het vers,  
daar waar de strengen ontstaan,  
hoort het al niet meer aan mij,  
breken de krachten zich aan;  
steigeren, vinden bestand.  
Machtig in rijm en rand,  
hoor! stem en branding gaan aan:  
werking van trek en van tij.  
Diep in de kern van het vers  
scheurt het zich naakt van mij vrij.

En hierdie *oeraanset* van die poësie word ten slotte geïntensiveerd uitgebeeld in "In den beginne" (1988:430) met sy verwysing na die skeppingsverhaal - die geloof aan 'n ondefinieerbare energiebron met "stille kernen" waaraan sy as digter alleen maar die harde *skulpomhulling* gee: "zet ik de mantelen aan ..."

#### IN DEN BEGINNE

ik zet mijn verzen als een schelpdier aan  
in diepten waar geen sterveling mij kent,  
ik adem in en uit, en zij ontstaan  
uit stille kernen, in het clement  
dat was van den beginne. Altijd blijft  
het grote stromen in mij overgaan.  
Ik ben alleen. Een maatgang schrijft en schrijft:  
ademende zet ik de mantelen aan.

Waarlik goeie poësie het dubbel bodems. "Lees maar er staat niet wat er staat", die bekende sitaat uit "Awater" van Nijhoff (1964:216) is by uitstek van toepassing op die poësie van Gerhardt. Die essensie van haar verse, soos die geval is met haar Paasgedigte, lê nie bloot in wat gesê word nie, maar veel meer in wat gesuggereer word. Die verskil tussen die bespreekte godsdienstige gedigte van Benschop en De Villiers aan die een kant, en die werk van Gerhardt aan die ander kant is wesenlik vasgelê in die woorde van Van der Zeijde (1985:278):

Er is een uitspraak over poëzie die luidt dat verzen 'bestaan uit woorden en hun stilten'. Ik versta dit als: woorden met de pauzes daartussen, en met de gedachten en gevoelens waarmee die pauzes zijn gevuld. Een vers dat die stilten niet hééft, is vrees ik helemaal geen vers. Maar bij de poëzie van Ida Gerhardt geldt in vele gevallen nog iets anders. Het geen NIET gezegd wordt - met geen enkel woord -, is daar niet zelden juist de essentie van het vers.

##### 5. SAMEVATTEND

Religie is 'n oerbron vir die poësie - as dit religie word binne die beperkte betekenis van godsdienstigheid of evangelie, dan kan dit 'n verengende uitwerking vir die resepsie en eventuele interpretasie van die poësie self hê.

'n Religieuze inslag in 'n wyer betekenis - nie noodwendig met die uitsluiting van die Evangelie nie - kan poësie veel verder laat uitrek en dit is die geval met die liriek van Ida Gerhardt. Sy beweeg sonder uitsluiting van die algemeen-menslike en ook omgekeerd. Dit verskaf die universele krag aan haar digterskap.

Die Paasgedigte van Nel Benschop en I.L. de Villiers het, soos reeds aangedui, beperkte waarde binne die resepsie- en verwysingsraamwerk van Christene en mense wat tot die Christendom bekeer word en is as sodanig 'n middel tot 'n doel. Gerhardt se Paasgedigte is in hulle resepsie en belewing óók estetiese objekte waarvan die reikwydte dus veel verder strek as bloot belydenis en bemiddeling tot evangelisering en bekering.

Gerhardt se poësie beantwoord aan en bevestig die pleidooi van Van der Ent (1982:45): "Ik voer een pleidooi voor het moeilijkste genre van de lyriek. Zowel aan de dichter als aan de lezer stelt zij (d.w.s die godsdienstige liriek) de hoogste eisen. Aan de lezer, omdat hij zich moet losmaken van allerlei vooroordelen. Aan de dichter, omdat hij een religieuze dimensie moet aanbrengen in het godsdienstige. Kan dat? Ja, dat kan."

Uiteindelik is so 'n bevinding rondom die poësie van Gerhardt dalk van toepassing by 'n benadering van alle ideologies-gerigte poësie. 'n Oorbeklemtoning van 'n ideologie (watter een ook al) in die liriek ten koste van universele waardes kan nie anders nie as lei tot 'n negatiewer beoordeling of tipering van 'n gedig of selfs die oeuvre van 'n kunstenaar.

#### 6. BIBLIOGRAFIE

- BENSCHOP, N. 1976. Een open hand naар de hemel. Kampen : Kok. 52 p.
- DE VILLIERS, I.L. Manna oor die duine. Kaapstad : Tafelberg. 49 p.
- DE VRIES, A. 1974. Dictionary of symbols. Amsterdam : North Holland Publishing Company. 515 p.
- GERHARDT, I. 1980. Nu ik hier iets zeggen mag. Amsterdam : Polak en Van Gennep.
- GERHARDT, I. 1988. Verzamelde gedichten. Amsterdam : Athenaeum - Polak en Van Gennep. 890 p.
- GERHARDT, I. 1989. De adelaarsvarens. Amsterdam : Atheneum - Polak en Van Gennep. 91 p.
- JANSEN, E. 1988. De reiskameraad op het spoor. (*In Coetzee, A. red.* Woorde open die beskouing. Durban : Butterworth. p. 55-74.)
- NIJHOFF, M. 1964. Verzamelde gedichten. Den Haag : Bert Bakker/Daamen.
- VAN DALE. 1970. Groot Woordenboek der Nederlandse taal. 's Gravenhage : Nijhoff.
- VAN DER ENT, H. 1982. Literatuur en christelijk perspektief. 's Gravenhage : Bockencentrum. 144 p.
- VAN DER ZEIJDE, M.H. 1985. De wereld van het vers. Over het werk van Ida Gerhardt. Amsterdam : Athenaeum - Polak en Van Gennep. 305p.

